**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2023 OM 08:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(sluit aan om 08:20)* |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. W Nero | : | Assistent Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN048/10/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagteks uit die Morawiese dagboek deel. Die Direkteur Korporatiewe Dienste open die vergadering met gebed.

***

**BKN049/10/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Die Voorsitter word verskoon om Raadslid Moolman te kontak, waarna hy meld dat Raadslid Moolman binnekort sal aansluit by die vergadering.

***

**BKN050/10/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN051/10/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN052/10/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 SEPTEMBER 2023: TERUGVOER VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN053/10/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN054/10/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN055/10/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die gedenkdiens van Me. Beryl-Ann du Plessis, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit, op Vrydag 03 November 2023 om 11:00 in die NG-kerk plaasvind. Sy meld dat dit die Direkteur Korporatiewe Dienste se prerogatief is om toestemming te gee aan sy direktoraat se amptenare vir die bywoning van die diens; en
- Sy wens die Uitvoerende Burgemeester en die Stap en Trap span sterkte toe met die inisiatief teen die bekamping van misdaad vir die Bergrivier Munisipale area.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat Stap en Trap se eerste dag goed verloop het. Hy meld dat die deelnemers tans by Porterville Primêr is om die leerders bewus te maak van die inisiatief;
- Hy meld dat ‘n amptelike skrywe na die Suid Afrikaanse Rugbyunie (SARU) gerig gaan word om hul geluk te wens met die prestasie van die Springbokke en meld dat die beker nie in die Bergrivier Munisipale area gaan wees soos gehoop nie;
- Dat ‘n spesiale vakansiedag afgekondig is vir Vrydag 15 Desember 2023 ter viering van die Springbokke se prestasie; en
- Dat hy almal sterkte toewens wat Me. Beryl-Ann du Plessis, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit, se gedenkdiens gaan bywoon.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN056/10/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN057/10/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN058/10/2023**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste gee kortliks terugvoer rakende die kapitaalspandering.

Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN059/10/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: 2023/24 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2023 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**4/7/6**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder, lei die item kortliks in.

Die Speaker spreek sy kommer uit rakende onderskeie inligting wat na die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en Wyksraadslede versprei word en nie aan hom nie, waarna die Munisipale Bestuurder meld dat die Artikel 52 verslag in die agenda opgeneem moes word en nie as 'n dringende item versprei moes word nie en sal dit voortaan monitor.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2023) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

***(Raadslid Moolman sluit aan om 08:20 by die vergadering en verklaar dat hy geen persoonlike belang het ingevolge Skedule 7 van die GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE.)***

**BKN060/10/2023**
**VISHUISPERSEEL NO.12, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN): TOESTEMMING VIR ONDERVERHURING**
**17/12/3/2; VD.486**

Raadslid Moolman lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat daar na alternatiewe persele gekyk word vir kantoorspasie vir Toerisme.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

**Opsie 1:**

1. Dat die aansoek van Mev. M.H. Marais om vishuisperseel No. 12 geleë op Erf 486, Velddrif aan Mnr. P.J. Botha te onderverhuur, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:

a) Die bestaande huurkontrak van Mev. M.H. Marais en die bepalings daarin vervat onveranderd en van toepassing bly en dat Mev. Marais aanspreeklik bly vir die nakoming van alle bepalings vervat in die hoof huurooreenkoms asook addendums aangegaan;

b) Dat die onderverhuurder, Mnr. Botha, homself vergewis van die bepalings van die huurooreenkoms; en

c) Dat Mnr. Botha 'n besigheidsplan asook uitlegplan aan die Munisipaliteit voorlê vir oorweging om belyning met die bepalings van die huurooreenkoms te verseker.

*******

**BKN061/10/2023**
**<u>FIRST DRAFT BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK 2024-2029</u>**
**15/1/5/9**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in en bedank die Raad en Administrasie vir hul insette en kommentaar ten opsigte van die MSDF.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die publiek alle insette en kommentaar deurgee.

Op navraag van die Voorsitter bevestig die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur dat die MSDF-dokument vanaf Maandag 06 Oktober 2023 by al die Munisipale biblioteke beskikbaar sal wees en dat daar ook ope dae by die onderskeie dorpe in die Bergrivier Munisipale area sal plaasvind.

Die Voorsitter versoek dat die Wyksraadslede die publiek moet aanmoedig om die ope dae by te woon om insette en kommentaar te lewer.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

That Council provide permission for publication of the first draft of the Bergrivier MSDF 2024-2029 for public comment, as required in terms of Section 6.(4) of the Bergrivier Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 11 December 2020.

***

**BKN062/10/2023**
**<u>SLUITING VAN KANTORE VIR JAAREINDE: 2023/2024</u>**
**2/4**

Raadslid Moolman lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Speaker versoek dat die Munisipale Bestuurder en waarnemende Direkteur Finansiële Dienste voorsiening maak vir die betaling van salarisse vir die EPWP en tydelike werkers gedurende die sluiting van kantore.

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

Op navraag van die Direkteur Gemeenskapsdienste rakende ‘n versoek om op Vrydag 22 Desember 2023 vroeër te sluit versoek die Munisipale Bestuurder dat daar vergunning gemaak word dat die Munisipale kantore om 13:00 sluit op Vrydag 22 Desember 2023.

Die Uitvoerende Onderburgemeester versoek dat die Bestuurder: Inkomste vroegtydig versoek dat die diensverskaffers van elektrisiteitsverkope hul aankope moet verhoog ten einde te verseker dat daar genoegsame elektrisiteit beskikbaar is vir verkope aan die publiek en dat daar iemand op bystand moet wees indien daar probleme is gedurende die sluiting van die kantore. Voorts versoek hy dat daar weer ‘n poging aangewend moet word om addisionele kragpunte oor die feestyd toe te laat om diensverskaffers van elektrisiteitsverkope te wees.

***BESTUURDER: INKOMSTE***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die onderstaande reëlings vir 2023/2024 jaareinde goedkeur:

1.1 Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf 27 tot 29 Desember 2023 (uitgesonderd die dienste genoem vanaf 5.4 tot 5.5);

1.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 27 tot 29 Desember 2023;

1.3 Dat die verkeerskantore (E-Natis transaksies) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 27 tot 29 Desember 2023;

1.4 Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word vanaf 27 tot 29 Desember 2023 vanaf **07:30 tot 13:00**:

1.4.1 Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit, **uitgesluit** alle Strandoorde wat voldag werk; en

1.4.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word.

1.5 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

1.6 Dat vullisverwydering, reiniging, verkeersdienste, wetstoepassingsdienste asook brandweerdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

1.7 Dat alle werknemers (**uitgesluit** die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 5.4.1 tot 5.4.2 en paragraaf 5.5) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit vir 27 tot 29 Desember 2023. Die persone wat nie oor genoegsame verlofkrediete beskik nie, moet vir diens aanmeld;

1.8 Dat verkeerskantore op Saterdag 09 Desember 2023 te Velddrif en Piketberg vanaf **08:00 tot 13:00,** oop sal wees vir die publiek vir E-Natis transaksies (**uitgesluit** padvaardigheid);

1.9 Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit vroegtydig gekommunikeer word met die publiek deur die Hoof: Kommunikasie;

***HOOF: KOMMUNIKASIE***

1.10 Dat die volle diens op 02 Januarie 2024, hervat sal word; en

1.11 Dat Bergrivier Munisipaliteit met dank kennis neem van die vakansiedag, soos afgekondig deur die President, vir Vrydag 15 Desember 2023.

***

**BKN063/10/2023**
**<u>MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS: THURSDAY 30 MARCH 2023 AND THURSDAY 29 JUNE 2023</u>**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the minutes of the Training Committee Meetings: Thursday 30 March 2023 and Thursday 29 June 2023.

***

**BKN064/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DONDERDAG 07 SEPTEMBER 2023 / MATTERS ARISING FROM THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON THURSDAY 07 SEPTEMBER 2023**
**3/3/1/3**

Op navraag van Raadsheer De Vries rakende die proses met die hantering van die verwysings van die onderskeie items met spesifieke verwysing na gesamentlike projekte, meld die Voorsitter dat die Portefeulje Voorsitters die onderskeie items, veral waar daar uitdagings of grys areas is, verwys na die Direksievergadering vir terugvoering by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***PORTEFEULJE VOORSITTERS***

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat daar 'n staande item op die agenda van die Tegniese Dienste Komitee geplaas word waar die terugvoer van die Direksievergadering oorgedra word aan die Tegniese Dienste Komitee.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN065/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: TWEEDE STAANDE ITEM: DEPARTEMENTELE RISIKO'S / SECOND STANDING ITEM: DEPARTMENTAL RISKS**
**9/1/2**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN066/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DERDE STAANDE ITEM: MAANDVERSLAG: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE / THIRD STANDING ITEM: MONTHLY REPORT: CIVIL ENGINEERING SERVICES**
**9/1/2**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN067/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: VIERDE STAANDE ITEM: MAANDVERSLAG: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE / FOURTH STANDING ITEM: MONTHLY REPORT: ELECTRICAL ENGINEERING SERVICES**
**9/1/2**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN068/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: VYFDE STAANDE ITEM: IMIS: MAANDVERSLAG: PMU EN BOUBEHEER / FIFTH STANDING ITEM: MONTHLY REPORT: PMU & BUILDING CONTROL**
**9/2/1**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN069/10/2023**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: AUGUST - SEPTEMBER 2023**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Assistent Interne Ouditeur.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Ignite-stelsel geen kennisgewing aan die onderskeie amptenare stuur om die take af te handel nie.

Die Voorsitter versoek dat die Assistent Interne Ouditeur opvolg met die Ignite-stelsel en 'n verslag voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende die gebrek van kennisgewings aan die onderskeie amptenare wat die take moet afhandel.

***ASSISTENT INTERNE OUDITEUR***

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for August - September 2023.

***

**BKN070/10/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN071/10/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN072/10/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN073/10/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN074/10/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN075/10/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

*******

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 09:10*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***